

EUCCHARISTIESE GEBED II

VIR VERSOENING

Die Eucharistiese Gebede vir Versoening mag by Misse gebruik word waar die geheimenis van versoening op 'n spesiale manier aan die gelowiges oorgedra word, byvoorbeeld, by Misse vir die Bevordering van Harmonie, vir Versoening, vir Geregtigheid en Vrede, in tye van Oorlog of Burgerlike Onrus, vir die Vergewing van Sondes, vir Liefdadigheid, of die Geheimenis van die Heilige Kruis, van die Allerheiligste Eucharistie, van die Kosbare Bloed van Onse Here Jesus Christus, asook by Misse gedurende die Vastyd.

Hoewel hierdie Eucharistiese Gebede van eie Prefasies voorsien is, kan hulle met ander Prefasies gebruik word wat na boetedoening en bekering verwys, soos byvoorbeeld die Prefasies van die Vastyd.

℣/ Mag die Here met u wees.

℟/ En met u gees.

℣/ Verhef u harte.

℟/ Ons verhef hulle tot die Here.

℣/ Laat ons die Here ons God dank.

℟/ Dit is paslik en reg.

1

Nou volg die Prefasie.

S Die Selebrant alleen.

Dit is waarlik paslik en reg,
om U te dank en te loof
God, Almagtige Vader,
vir alles wat U in hierdie wêreld doen,
deur onse Here Jesus Christus.

Hoewel die mensdom
verdeel is deur twis en tweedrag,
weet ons tog dat U,
deur ons te beproef,
ons harte verander
om hulle voor te berei op versoening.

Deur u Gees beweeg U immers die mensehart
sodat vyande weer met mekaar praat,
teëstanders mekaar die hande reik,
en volke mekaar wil ontmoet.

S - Selebrant • AS - Alle selebrante • S/MS - Selebrant of 'n mede-selebrant

Deur die werking van u mag,
bework U dit so, o Heer,
dat selfs die haat deur liefde oorwin word,
wrok voor vergiffenis wyk,
en tweespalt in wedersydse behae verander.

Terwyl ons U aanhoudend
saam met die hemelse kore dank,
juig ons op aarde u majesteit toe,
soos ons sonder ophou uitroep:

Deilig, heilig, heilige Here,
God van die leërskaare.
Die hemel en aarde is vol van u glorie.
Hosanna in die hoogste.

Geseënd is Hy wat kom in die naam van die Here.
Hosanna in die hoogste.

S Die Selebrant alleen.

Met hande uitgestrek, sê die Selebrant:

Daarom loof ons U, Almagtige Vader,
deur Jesus Christus u Seun,
Hy wat in u naam kom.

2

Vir die mens is Hy die verlossende Woord,
die hand wat U aan sondaars uitreik,
die Weg waarlangs u vrede ons aangebied word.

Toe ons oor ons sondes van U af weggedraai het,
het U, o Here, ons teruggebring om versoen te raak,
sodat ons, deur u Seun,
ons eindelijk tot U sou bekeer en mekaar sou liefhê,
Hy wat U om ons ontwil aan die dood oorgelewer het.

Hy bring sy hande bymekaar, strek hulle oor die offergawes uit en sê:

AS Die Selebrant met alle mede-selebrante.

Daarom vier ons die versoening
wat Christus ons gebring het,
en ons smee U:
Heilig hierdie gawes deur die uitstorting van u Gees.

Hy bring sy hande bymekaar, en maak die Kruisteken eenkeer oor
beide die brood en die kelk, terwyl hy bid:

sodat dit die Liggaam en ✠ Bloed
van u Seun mag word,
op Wie se bevel ons hierdie geheimenisse vier.

In die voorgeskrewe formulier wat volg, moet die woorde van die Here **duidelik** en **helder** uitgespreek word, soos wat die aard van hierdie woorde dit vereis.



y het, voordat Hy sy lewe gegee het
om ons te bevry en terwyl Hy aan tafel was,

Hy neem die brood, hef dit effens op en sê:

Self brood in sy hande geneem
en U gedank; dit geseën,
gebreek, en aan sy dissipels gegee en gesê:

Hy buig effens:

NEEM EN EET ALMAL HIERVAN,

WANT DIT IS MY LIGGAAM,

WAT VIR JULLE OORGELEWER SAL WORD.

Hy toon die gewyde hostie aan die gemeente, plaas dit op die pateen en maak aanbiddend 'n kniebuiging.

Dan vervolg hy:



et so het Hy, dieselfde nag,

3

Hy neem die kelk,
hef dit effens bo die altaar op en vervolg:

die kelk van danksegging in sy hande geneem,
u barmhartigheid bely,
dit aan sy dissipels gegee en gesê:

Hy buig effens:

NEEM EN DRINK ALMAL HIERUIT,

WANT DIT IS DIE KELK VAN MY BLOED,

DIE BLOED VAN DIE NUWE EN EWIGE VERBOND,

WAT VIR JULLE EN VIR MENIGE UITGESTORT SAL WORD

TOT VERGIFNIS VAN SONDES.

DOEN DIT TOT MY GEDAGTENIS.

Hy toon die kelk aan die gemeente, plaas dit op die korporaal en maak aanbiddend 'n kniebuiging.

Dan sê hy:

S Die Selebrant alleen.

Die geheimenis van die geloof.
Waarop die gemeente uitroep:
Ons verkondig u Dood, o Here,
ons bely u Opstanding
totdat U weer kom.

Of:

As ons hierdie Brood eet
en uit hierdie Beker drink,
verkondig ons u Dood, o Heer,
totdat U weer kom.

Of:

Redder van die wêreld red ons,
want deur u Kruis en Opstanding
het U ons vrygemaak.

AS Met hande uitgestrek, bid die Selebrant met alle mede-selebrante:

Soos ons dus
die Dood en Opstanding van u Seun gedenk,
Hy wat ons dit as liefdespand nagelaat het,
bied ons U dit wat U ons gegee het,
die Offer van volkome versoening,
Hy deur wie die mens met U versoen word.
Nederig smeek ons U, Heilige Vader,
dat U ons ook aanneem, tesame met u Seun,
en gee in hierdie verlossingsmaal,
ons sy Gees, wat ons van alle vervreemding genees.

4

S/MS Die Selebrant of 'n mede-selebrant.

Laat Hy ons bewaar,
in gemeenskap met,
M., ons Pous en **M.**, ons Biskop,
met alle Biskoppe en u hele volk.

Maak u Kerk tot 'n teken van eenheid
onder die mense en tot u werktuig van u vrede.

S/MS Die Selebrant of 'n mede-selebrant.

Let soos U ons nou by die tafel van u Seun byeenbring het,
bring ons ook so saam met die Glorieryke Maagd Maria,
Moeder van God, met u salige Apostels en al die Heiliges,
met ons broers en susters, en mense van alle rasse en tale
wat in u vriendskap gesterf het.

Laat ons met hulle
die oneindige Feesmaal van eenheid
in 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde vier,
waar die volheid van u vrede sal uitstraal

Hy bring sy hande bymekaar:

in Christus Jesus, onse Here.

AS Die Selebrant alleen of met alle mede-selebrante.

Hy neem die kelk en pateen met die hostie daarop en terwyl hy dit omhoog hou, sê hy:

Deur Hom, en met Hom en in Hom,
ontvang U God almagtige Vader,
in die eenheid van die Heilige Gees,
alle eer en heerlikheid tot in alle ewigheid.

Die gemeente antwoord.

Amen.

Hierop volg die Kommunie-Rite.